VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 8

KANIBALISME

"lewendig" in 2017

Die mees moderne grondwet in die wêreld wat géén beskerming of veiligheid, of wet en orde of dissipline aan g'n niemand bied nie!
Is dit waartoe die wêreld wat hierdie grondwet en verandering in Suid Afrika gesteun het, gekom het?

Hoe beskaafd is 'n land wat geen beheer het oor die slagting van mense met die doel om hulle te eet en daaruit 'n verdienste te hê nie?

Kommentaar soos hierdie word gewoonlik wyd veroordeel deur die liberale en humaniste as sou dit 'n veralgemening is wat nie geregverdig kan word nie.

"about 300 residents confessed to allegedly knowing Mbatha had human flesh and allegedly confessed to eating it."

Die AVP se wedervraag is, waarom as juis hierdie soort gedrag as barbaars en verwerplik beskou word en in die reël, die swart ras daarmee verbind word, waarom is dit steeds in 'n veronderstelde beskaafde wêreld, waar swartes die geleentheid gegee is om so 'n beskaafde eerstewêreldland te regeer, dat hierdie fenomeen steeds deur die swartes bedryf word?

Dit was juis hierdie soort kultuurverskille wat ons voorvaders genoop het om 'n beleid van Afsonderlike Ontwikkeling toe te pas. 'n Beleid wat wyd in die beskaafde wêreld toegepas is vir die selfde rede. In eeue het daar nie verandering in die swart ras se samestelling plaasgevind nie.

Dieselfde wreedheid, barbaarsheid en bloeddorstigheid is hier tussen ons in Suid Afrika, vandag nog sigbaar waarvan honderd duisende sedert 1994 slagoffers geword het.

Hierdie toestand ontstaan net wanneer daar nie blankes is wat wet en orde toepas en handhaaf nie. Dit is oor en oor bewys in Afrika waar blankes onttrek het of soos in ons geval onderkruip is deur gewetenlose geldvrate wat hulle eie beginsels en volk verraai het vir die voordeel wat hulle daaruit kon verkry, ongeag die gevolge!

In hierdie uitgawe.....
Nuwe SA in Beeld
Ons Volkstaat se naam is Suid Afrika
Geloofsbelydenis van 'n Nasionalis
Moenie Apartheid Blameer - Zwelithini

Hundreds confess to eating human flesh

Pietermaritzburg - A community meeting following the arrest of four Estcourt men for allegedly killing a person and eating human flesh saw hundreds of residents allegedly confess to having eaten human body parts procured from one of the accused.

The four men, Nino Mbatha (32), Sthembiso Sithole (31), Lindokuhle Masondo (32) and Lungisani Magubane (30), appeared in the Estcourt Magistrate's Court on Monday on charges of murder and conspiracy.

This after one of the four men allegedly walked into the Estcourt police station on Friday, holding human body parts and confessed to being "tired of eating human flesh". When he was questioned, he produced part of a human leg and a hand. Further investigation led police to a house in the Rensburgdrift area in Estcourt where they were met with a foul smell, and more human remains were found.



KwaZulu-Natal police spokesperson Colonel Thembeka Mbhele said on Friday that one of the accused, also an nyanga (traditional healer), was arrested in Amangwe area where more body parts were found.

It has been alleged that the men raped, killed and cut up the body of a woman, which they then consumed.

Hundreds of outraged Estcourt locals gathered outside the magistrate's court on Monday morning, armed with cameras and cellphones in the hopes of catching a glimpse of the four men.

With police guarding the entrance to the court, residents were warned to stay back as the men were loaded into a police van after their court appearance and taken into police custody until their formal bail application on August 28.

Later, ward councillor Mthembeni Majola, who held a meeting at the Esigodlweni community hall on Monday morning, said that around 300 residents had confessed to visiting Mbatha, an nyanga, and knowingly eating human flesh that he gave to them.

He said that there were around 700 people at the meeting where about 300 residents confessed to allegedly knowing Mbatha had human flesh and allegedly confessed to eating it.

He said a community member, who had been very close to Mbatha, had had a falling out with the nyanga.

Majola alleged that the matter was not just limited to Estcourt and that the nyanga had links across the Uthukela area.

Majola alleged that Mbatha had been a practising nyanga in Ladysmith before he fled to Rensburgdrift earlier this year as the Ladysmith community had allegedly attacked and killed another nyanga in the area, however, this could not be confirmed.

"We don't know what to do or who to trust," said Majola.

2017-08-22 Chelsea Pieterse, ***The Witness***

DIE NUWE SUID-AFRIKA IN BEELD

Soos hierdie Isuzu bakkie was elke dorp, elke stad en elke struktuur in Suid Afrika met oorleg en kundigheid ontwerp om ‘n bepaalde vrag te kan dra. Daar is ook ‘n veiligheidsfaktor ingebou vir onvoorsiene oorlading. Dan is daar verder bereken en voorsiening gemaak vir toekomstige uitbreiding en infrastruktuur. Alles in harmonie en gestruktureer om blywende groei en vooruitgang te verseker.

So is daar dan paaie gebou, krag opgewek, water opgegaar en aangelê wat instaat sou wees om die bestaande vrag te kon dra. Daarvoor is daar belasting gehef wat voorsiening moes maak vir onderwys en opvoeding, gesondheidsorg, vervoerstelsels en derglike meer.

Salarisse en vergoeding was bereken en bepaal op grond van produksie, prestasie en kundigheid. Sonder om ‘n enkele woord oor die huidige regime se vermoë en tekortkomings te sê, is die beeld van hierdie Isuzu bakkie, seker die sprekendste voorbeeld van wat in Suid Afrika gebeur het.

Elke terrein van beskaafde ontwikkeling is só oorlaai en moet noodgedwonge in duie stort! Sóós hierdie Isuzu bakkie, is Suid Afrika al reeds van die pad af en ry hy in die noodbaan sonder enige hoop op voortbestaan van beskaafde orde.

ONS VOLKSTAAT SE NAAM IS SUID-AFRIKA

Die windeiers is ongelukkig baie en lyk op die oog af vir die oningeligte presies dieselfde as die bevrugte een! Daarvan is daar slegs een en hy word beskerm en bewaar totdat die Afrikanervolk deur die omstandighede spontaan bymekaar gedwing word, of ons bymekaar wil wees of nie! Die huidige verantwoordelikheid is om die gouedraad van nasionalisme te koester totdat die kern van die Afrikanervolk in daardie nes bymekaar kom soos wat dit in 1948 en daarna was. Met vaste geloof en vertroue in die God van ons voorgeslag sal ons weer wen soos by Bloedrivier ongeag die oormag. Hou dus goeie moed en wend jou gewig aan by hulle wat uit innerlike oortuiging soos jy dink!

Hierdie brief wat op Praag se webblad verskyn het is die bewys van 'n nugterheid wat onder Afrikaners begin posvat oor die pollitieke toestand in Suid Afrika. Bravo aan Hansard de Wet. Bepaald is jou Afrikanerfondasie op rots gelê. Bly daarop bou en jy sal saam met ons die grense help trek wanneer die geleentheid hom voordoen.

> *.....Daar is drie henne op die werf. Twee lê al eiers. Daar is geen haan, dus lê hul onbevrugte eiers.*
>
> *Een is broeis. Ek kry haar weer vanoggend op die plek waar hulle eiers lê en ek verwilder haar waar sy op daardie enkele eier gaan lê tot hy vrot is: Want dis ‘n onbevrugte eier. En al is daar tien eiers wat sy wil uitbroei, dit gaan nie help nie. Want dis onbevrugte eiers.*
>
> *So is dit met ons volk.*

Verskoon maar die terme waarvolgens ek leierskap bespreek en dat ek aanvoer leierskap het 'n bevrugtende taak. Maar dis nou maar eenmaal so: 'n Leier of leierskap het 'n bevrugtende taak wat die volk betref. Is daar nie 'n leier en leierskap nie, sit die Afrikanervolk sonder bevrugte politiek. Klaar. Oor. Uit. Aanskou die les van meer as twintig vermorste jare.

Daar is die oulikste eiers gelê en die volk en sy hoofsaaklik alternatiewe nuusmedia het al wat ideologie en dwaling en godsdienstige rigting is verken. Of die volk nie sy aard, sy godsdiens, sy politieke toegeneenthede, ken nie maar tog het die volk die moeite gedoen en al die uiteenlopende filosofieë besnuif en befrons om te kyk waar hy die waarheid dalk misgelees of misgehoor het.

Ja, die volk het 'n mooi klompie eiers in die nes onder hom gekry. En gebroei. En sommer later vir hom broeimasjiene gekry om te help om die eiers uit te broei. Maar niks broei uit nie, genugtig.

Een van die broeimasjiene is vir 'n volkstaat. Wat hulle nou nog soek. Gaan lees die twak wat sekere webwerwe verkoop, hulle soek nog 'n volkstaat en al daardie eienaardige vorme van "selfbeskikking": Ons het ons volkstaat en sy naam is Suid-Afrika.

Hulle wil volkstate omlyn en kaarte trek. So al of hulle Vasco da Gama en Bartlomias Dias is wat nog 'n seeweg na Indië soek. Of kaptein James Cook wat met 'n paar skepe — ja, ook kaarttekenaars en navigators het hulle genoeg — presies wil gaan uitvind waar Van Diemensland is en as Van Diemensland daar is, gaan kyk of die vestiging van nog 'n Britse kolonie moontlik is.

Die Afrikanervolk weet waar is sy land, hy sal net weer en klaarblyklik ná harde en dadelike stryd harde grense moet trek.

Maar sonder die bevrugtende en bevestigende rol van 'n leier en leierskap sal die Afrikanervolk nie gedoen kry wat hy moet nie.

— Hansard de Wet

GELOOFSBELYDENIS VAN 'N NASIONALIS

Deur Danie Varkevisser

'n Paar uittreksels uit geskrifte wat die lig gesien het oor die lewe van dr. Tobie Muller, wat in 1884 op George gebore is en in die jeugdige ouderdom van 34 jaar in 1918 oorlede is, is rigtinggewend in die verdeeldheid wat ons volk se nasionale eensgesindheid huidig vertroebel en besoedel.

Tot kort voor sy dood was dr. Muller en sy vrou intensief besig om krankes te besoek en orals in die dorp en distrik aan wit en swart hulp te verleen tydens die Groot Griep totdat hy op 13 Oktober 1918, nadat hy sy laaste erediens gelei het, die eerste simptome van die griep begin toon het. Hoewel hy reeds daardie Sondagmiddag koorsig en uitgeput gevoel het, het hy nogtans die landdros van Philippolis na 'n plaas, waar 'n hele gesin aan die griep siek gelê het, vergesel. Maandag het hy gaan lê om nie weer op te staan.

Dr. Muller se belydenis.

"Ek self sou my erfenis as lid van die Afrikaanse nasie vir geen ander burgerreg in die wêreld wil verruil nie. Die grote nasies van Europa is wel oud en sterk en ervaringsryk, ... maar hul dra ook reeds die spore van hul ouderdom, en rypheid begin al op meer dan een plek in afgeleefdheid oor te slaan ... By ons is dit so anders. As 'n jong nasie sien ons amper ons hele loopbaan tegemoet. 'n Jong volk leef vorentoe. Sy leuse is die hoop; geduld en moed sy wagwoorde; 'n jeugdige entoesiasme sy dryfveer; en sy ywer is nog ongekoel deur die ontnugterings van mislukking.



Dr. Tobie Muller

Vir my altans is dit veel heerliker om my druppeltjie te probeer bydra by die selfbewuswording en karaktervorming van 'n jong nasie dan om te help dokter aan die chroniese kwale van 'n oue ... Misluk ons pogings en moet ons ondergaan, neergedruk deur 'n vrag van onoorkomelike moeilikhede, dan is dit in elk geval beter om te sterf as eerlike stryders op die slagveld, dan om te versink in 'n bedwelmende luilekker eentonigheid van niksdoen

... Laat Jong Suid-Afrika sy nasionale geloofsbelydenis onderteken, nie met sy naam, maar met sy lewe en dan het ons niks te vrese vir die toekoms nie!"

Nasionalisme is 'n intensiewe en geen ekstensiewe saak nie. Lengte en breedte tel ewe min in 'n volk se lewe....diepte is die hele saak!

Dr. Tobie Muller het in 1913 van nasionalisme geskryf: Kultuur, wat uit 'n volk uit ontstaan moet begrens word om te bly voortbestaan. Nasionalisme is 'n intensiewe en geen ekstensiewe saak nie. Lengte en breedte tel ewe min in 'n volk se lewe….diepte is die hele saak! Nie wat oor 200 of 300 jaar van ons sou geword het nie maar wat ons nou is en moet wees! Sy Volk is tewens vir elke persoon die aangewese kring waarin hy in die eerste plek sy roeping moet vervul. Om ons volkslewe diep te maak is ons eerste taak. Nasionalisme is deur en deur 'n morele saak waarvoor niemand die oog mag sluit nie. Die keuse om dus nasionalis te wees is dus 'n morele keuse van die diepste betekenis. Godsdiens sê Ds. Muller sluit moraliteit in. daarom is dit 'n godsdienstige plig om nasionalis te wees. Papheid op nasionale gebied se hy is dus 'n religieuse oortreding dws. 'n sonde!

Hy het onder meer 'n reeks preke gelewer oor godsdiens en nasionalisme, ***want ware nasionalisme was vir hom een van die uitinge sowel as een van die middele tot versterking van die godsdiens.***

Ná byna drie jaar diens as hulpprediker is aan hom in Julie 1916 die leerstoel in die wysbegeerte aan die Victoria-kollege aangebied as opvolger van prof. Thomas Walker in wie se plek hy tevore reeds waargeneem het. Terselfdertyd is hy as

predikant na die gemeente Philippolis beroep. Onder invloed van professore en studente kies hy aanvanklik die professoraat, maar ná 'n felle innerlike stryd neem hy die beroep na Philippolis aan. Dr. Muller, sy vrou, hul seuntjie, Christof, en dr. Muller se moeder (sy vader is op dr. Muller se verjaardag in 1915 oorlede), het in Oktober 1916 na Philippolis vertrek waar hy op 14 Oktober 1916 deur ds. J.D. Kestell as leraar bevestig is.

Op kerklike en politieke gebied was dit 'n moeilike tyd in die Vrystaat se geskiedenis. Dit was die gevolg van die Rebellie, wat in talle gemeentes aanleiding gegee het tot 'n dreigende skeuring. Philippolis was geen uitsondering nie.

Toe dr. Muller daar aankom, was die gemeente reeds verdeeld en die spanning tussen die twee partye was hoog. Dit was dus by uitstek 'n geleentheid waarop 'n kerklike leier op die proef gestel sou word. Baie gemeentelede het gedink dat sy oortuigings te sterk was om versoenend op te tree en dat hy dus nie in staat sou wees om die eenheid in die gemeente te herstel nie.

J.A. Bosch skryf egter: "Hierdie menings het hy gou die nek ingeslaan deur te bewys dat kragtige oortuigings op enige gebied nie 'n hindernis nie, maar juis 'n hulpmiddel is vir die beoefening van die liefde wat bind."

Al sy boodskappe, soos sy intreepreek wat gelewer is na aanleiding van 1 Korintiërs 13:13 ("En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde" het van hierdie verdraagsaamheid en kalmerende liefde getuig.

Hy het daarin geslaag om broederlike liefde en samewerking tot stand te bring en sy gemeentelede die kostelike les geleer dat die Christelike liefde nogtans beoefen kan word, ook daar waar mense op politieke gebied ver van mekaar staan.

Aanvanklik het sommige lidmate gedink hulle sou moeite hê om hierdie geleerde man, 'n professor in die filosofie te verstaan, maar hy het hulle aangenaam verras. J.A. Bosch skryf: "Sy nederigheid, ongekunstelde natuurlikheid en warme menseliefde het almal na hom gelok. Al sy preke het diep en dringend tot elke siel gespreek en as 'n hoofdoel het hy die opbouing van die geestelike lewe van sy gemeente voorop gestel".

In kerkraadsvergaderings het hy deur beskeidenheid en lewenswysheid die korrekte leiding gegee. Met die ingebore adel van sy siel het hy nie vanweë sy posisie as voorsitter en leraar oorheers nie, maar altyd die nodige respek aan die oordeel van diakens en ouderlinge betoon wat ouer as hy was. Dit was hier dat die gees van broederliefde in dié moeilike tyd op Philippolis ontstaan en gegroei en mettertyd deur die gemeente gewerk het. By die katkisasie, huisbesoek en in al sy werksaamhede as predikant, was hy altyd die deeglike, vriendelike en vertroostende herder en leraar wat niemand weens sy jeugdigheid kon verag nie.

Mag ons Afrikanervolk uit hierdie voorbeeld van die uitlewing van God se liefdesgebod, waarbinne die nasionalisme, wat baie Afrikaners al versaak het, gekoester en toegepas is, ter harte neem op ons strydende pad vorentoe om ons jeugdige volkskap te beskerm en uit te bou in eensgesindheid as voorvereiste vir sukses teen die “oorlog” ons aangesê!

DIE WERLIKHEID IN DIE POLITIEKE POSISIE VAN DIE AFRIKANER

In ‘n onlangse gesprek met ‘n Afrikaner akademikus oor die politieke toestand in Suid Afrika en hoe dit ons volk raak, het ek bekommerd geraak oor die persoon se stelling dat ek darem regtig rekening moet hou met die werklikheid.

Op my vraag van wat is die werklikheid, was sy antwoord dat ons beswaarlik vier miljoen blankes is binne ‘n see van nagenoeg amper sestig miljoen swartmense! Ons het nie ‘n keuse anders as om op een of ander wyse die land met hulle te deel, of fisies uitgewis te raak nie.

Dat die getalleoorwig sedert ons volkswording nog altyd in die swartes se guns was en dat ons ten spyte daarvan nog altyd, bygesê, tot en met die sluipmoord op dr. H.F. Verwoerd, die verspreiding in eie gebied, die handhawing van wet en orde, en ordelike naasbestaan kon handhaaf tot die

vooruitgang en eerstewêreldstatus van Suid Afrika, het nêrens in hierdie man se siening grondgevat nie.

Wat my veral bekommer is dat die werklikheid van God in die wording en handhawing van die Afrikanervolk, heeltemal oorskadu word in hierdie argument van omstandigheid! God se almag, Sy uitredding by verskeie geleenthede in ons volksgeskiedenis en selfs die bewys van Sy betrokkenheid by dié wat Hom vrees soos opgeteken in sy onfeilbare Woord, word nie as 'n werklikheid gereken nie!

Wat die AVP betref roep ons elke Afrikaner op om ter versterking van geloof net weer met aandag die gebeurtenis hier onder te lees en opnuut te besef waar ons hulp gesetel is en wat ons eie verantwoordelikheid is in die voorbereiding vir ons eie beskerming.

NÁ hierdie dinge en hierdie bewys van getrouheid het Sánherib, die koning van Assirië, gekom en Juda binnegedring en die vaste stede beleër en bedoel om hulle vir hom te verower.

En toe Jehiskía sien dat Sánherib kom met die doel om teen Jerusalem te veg,
het hy raad gehou met sy owerstes en sy helde, om die fontein-oë buitekant die stad toe te stop; en hulle het hom gehelp: baie mense het byeengekom en al die oë toegestop, ook die spruit wat dwarsdeur die land stroom, met die gedagte: Waarom moet die konings van Assirië kom en baie water vind?

En hy het moed geskep en die hele muur opgetrek wat afgebreek was, en daar torings op gebou, ook die ander muur buitekant het hy gebou; en hy het Millo in die stad van Dawid versterk en werpspiese en skilde in menigte laat maak.

Indien hierdie siening dié is van die meerderheid van ons Afrikanervolk, dan is die benouing waarin ons ons bevind voorwaar begryplik!

Wat kan tog meer werklik wees as die bestaan van God en Sy bemoeienis met die kroon van Sy skepping?

Te meer nadat Hy dit meermale in ons eie volksgeskiedenis bewys het?

En hy het krygsowerstes oor die manskappe aangestel en hulle by hom op die plein van die stadspoort byeen laat kom en na hulle hart gespreek en gesê:

Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik vanweë die koning van Assirië of vanweë die hele menigte wat saam met hom is nie; want by ons is meer as by hom.

By hom is 'n vleeslike arm, maar by ons is die HERE onse God om ons te help en ons oorloë te voer! En die manskappe het gesteun op die woorde van Jehiskía, die koning van Juda.

Hierna het Sánherib, die koning van Assirië — hy self en sy hele ryksmag was saam met hom by Lagis — sy dienaars na Jerusalem gestuur, na Jehiskía, die koning van Juda, en na die hele Juda wat in Jerusalem was, om te sê:

So sê Sánherib, die koning van Assirië: Waarop vertrou julle, dat julle daar ingesluit bly sit in Jerusalem?

Verlei Jehiskía julle nie, om julle van honger en dors te laat sterwe deur te sê: Die HERE onse God sal ons red uit die hand van die koning van Assirië?

Het dieselfde Jehiskía nie sy hoogtes en sy altare verwyder en aan Juda en Jerusalem dít gesê nie: Voor één altaar moet julle jul neerbuig en daarop offerrook laat opgaan?

Weet julle nie wat ék en my vaders aan al die volke van die lande gedoen het nie? Het die gode van die nasies van die lande ooit hulle land uit my hand kon red?

Wie was daar onder al die gode van daardie nasies wat my vaders met die banvloek getref het, wat sy volk uit my hand kon red — dat julle God julle uit my hand sou kan red?

Laat Jehiskía julle dan nou nie bedrieg en julle nie op so 'n manier verlei nie; en glo hom nie, want geen enkele god van enige nasie of koninkryk het sy volk uit my hand of uit die hand van my vaders kon verlos nie; hoeveel minder sal julle God julle uit my hand kan verlos?

Sy dienaars het nog meer teen die HERE God gespreek en teen sy kneg Jehiskía.
Hy het ook 'n brief geskrywe om die HERE, die God van Israel, te smaad en teen Hom te spreek deur te sê: Soos die gode van die nasies van die lande wat hulle volk uit my hand nie gered het nie, so sal die God van Jehiskía sy volk uit my hand nie red nie.

En hulle het hardop in die Joodse taal geroep na die manskappe van Jerusalem wat op die muur was, om dié bevrees en verskrik te maak, sodat hulle die stad kon inneem.

En hulle het oor die God van Jerusalem gespreek soos oor die gode van die volke van die aarde — 'n maaksel van mensehande.

Maar toe koning Jehiskía en die profeet Jesaja, die seun van Amos, hieroor gebid en na die hemel geroep het, stuur die HERE 'n engel, en dié het al die dapper helde en bevelhebbers en owerstes in die laer van die koning van Assirië verdelg, sodat hy met 'n beskaamde aangesig na sy land teruggegaan het; en toe hy in die huis van sy god kom, het die wat uit sy eie liggaam voortgekom het, hom daar met die swaard neergeslaan.

En die HERE het Jehiskía en die inwoners van Jerusalem verlos uit die hand van Sánherib, die koning van Assirië, ***en uit die hand van almal, en hulle rondom tot rus gebring.***

En baie het geskenke aan die HERE na Jerusalem gebring en kosbare geskenke aan Jehiskía, die koning van Juda, sodat hy daarna in die oë van al die nasies hoog gestaan het.
2 KRONIEKE 32

LIBERALES GESKOK OOR MOORD IN DIE "NUWE" SA WAT HULLE HELP SKEP HET

TON VOSLOO: *"....dat so 'n Israeliet sonder bedrog so sy dood tegemoet moet gaan, is 'n skreiende aanklag van die verval van die Suid Afrikaanse samelewing"*

Ton Vosloo

Dit is die reaksie van iemand wat saam gewerk het om die beleid wat deur kundige politici daargestel is omvergewerp te kry en die huidige in stand te hou, wat só kerm! Dit is ook dieselfde Ton Vosloo wat by geleentheid gesê het:

"Beeld het hergroepeer en ons redaksiebeleid was: Slaan die harde nuus hárd. Die koerant het naam gemaak met sy skerp nuusdekking en vreeslose politieke aanslag. Ons het ons vlag aan die verligte maspaal gespyker."

Vosloo, wat nou in sy verklaring oor die moord op die tagtigjarige Eric Wiese bely dat hy tot in sy siel geskok is oor die wrede wyse van Wiese se einde, is in wese nét so aandadig, nie net aan Wiese se dood nie maar elke ander moord van blank en nie-blank wat sedert 1994 op dieselfde, en in baie gevalle baie wreder wyse vermoor is asof hy dit self gepleeg het!

Saam met hom is daar elke koerantredakteur en verslaggewer, akademici, predikante en ander Afrikaner verraaiers wat die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling help vermoor het! 'n Beleid wat dit waaroor Vosloo nou kerm, grootliks voorkom het. 'n Beleid toegepas en instand gehou deur briljante en intelligente studente van die politiek wie se nalatenskap verniel en vernietig is deur mense soos Ton Vosloo en kie.



Eric Wiese

Die verval waarna Vosloo en sy mede liberale genote, wat hulle vlae aan die verligte maspaal vas gespyker het, was by herhaling gewaarsku dat die verval wat hy nou openlik erken nou dat dit naby aan hom gekom het, Suid Afrika se voorland sou wees onder 'n rasgemengde beleid, soos wat hulle só graag wou hê en uiteindelik gekry het.

Julle was doof en blind. Julle wou nie hoor of sien nie. Nie eers Eric Wiese se edele karakter, sy mededeelsaamheid, of sy hoë ouderdom het hom kon beskerm teen dít wat julle op Suid Afrika losgelaat het nie!

IN GEREGTIGHEID EN HEILIGHEID

deur Hannes Ollewagen

Bybel: Lukas 1:67-80

"dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe." (:74&75).

Die Afrikaanse spreekwoord stel dit dat 'n persoon sy brood aan albei kante gebotter wil hê. Die meeste van ons weet egter dat die lewe van 'n mens eis om uiteindelik maar te besluit oor watter kant van jou broodjie jy dit gebotter wil hê, want dit sal nie aan beide kante kan wees nie.

Hierdie verskynsel is ook in mense se geloofslewens te bespeur. Mense sal hulself nie heeltemal van die godsdiens distansieer nie, want sou dinge in hul lewens drasties skeefloop, sal hulle darem nie sonder God wil wees nie. Ons almal weet tog dat dit tog net Hy is wat uitkoms uit groot benoudheid kan bewerk.

Baie mense is egter ook nie bereid om 'n volkome oorgawe aan God te maak nie, want daar is soms dinge in die wêreld wat maar net te aanloklik is. Dink maar aan daardie rykdom wat 'n persoon verkry of instandhou deur 'n paar ongewone praktyke te volg.

En om die genot van die rykdom te verloor is dalk net 'n bietjie te veel gevra om my volkome aan die Here te wy. Sê nou net dat Jesus dit van my sou verwag wat hy van die ryk jongman in Markus 10 verwag het. "...gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die

kruis op en volg My." (:21). Miskien is die les uit Lukas 19:8 vir my te duidelik en daarom is ek versigtig om die Here met volle oorgawe te dien, omdat ek weet dat dit moontlike opoffering van my sal vra. "...Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

Dit is nie net geld wat skeiding tussen my en die Here kan bring nie. Ek is dalk onbereidwillig om die sinlike genot van 'n verhouding buite die huwelik op te gee. Dalk is ek besig om my liggaam as tempel van God skade te berokken omdat ek nie die verslawing aan sigarette of selfs medikasie wil prysgee nie. Daardie lekker vermaak op die televisie is dalk net te belangrik om prys te gee al sou dit ook wees dat die heilige Naam van God in die programme wat ek kyk belaster word of dat daar selfs gedurig onsedelike tonele vertoon word. Hoe sal ons dit stel? Ek wil 'n christen wees, maar ek wil darem 'n wêreldse christen wees, of hoe?

Enigiemand wat waarlik erns maak met sy geloofslewe sal verstaan dat ware geloof in God Drie-Enig ook aan ons die eis stel om heilig vir Hom te leef. Dit beteken nie sondeloos nie of 'n kluisenaar nie, maar wél afgesonder van die wêreld – anders as die wêreld. Ware gelowiges weet dat ons lewe hier op aarde maar alleen 'n pelgrimsreis is op weg na ons ewige tuiste waarna ons verlang. "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei." (Heb. 11:13,14&16).

Daarbenewens moet ons God ook in geregtigheid dien. Dit beteken natuurlik dat ons die voorbeeld van Christus, die leiding van die Woord, moet navolg. Wanneer ons waarlik tot God bekeer, is ons veronderstel om die ou en sondige mens (ons vorige sondige lewenswandel) neer te lê en ons nuutgebore lewe in Christus op te neem. "Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid." (Efés. 4:20-24).

Ten slotte is ons ook veronderstel om God al die dae van ons lewe op hierdie wyse te dien. Ons moenie die bekering probeer uitstel en dink dat ek God eendag as ek oud is sal begin dien net voordat ek doodgaan sodat ek nie in die hel beland nie. Ek moet ook nie dink dat ek Hom net kan aanroep en dien in moeilike omstandighede of selfs net in tye van voorspoed nie, maar elke liewe dag van ons lewe moet ons Hom in opregte heiligheid en geregtigheid dien. Wanneer ons met die nuwe mens beklee is en die Heilige Gees van God deel geword het van ons lewe is ons veronderstel om deurgaans die strewe van Johannes na te volg soos wat dit vir ons in Johannes 3:30 gestel word. "Hy moet meer word, maar ek minder."

Mag die Here gee dat ons waarlik bereidwillig sal wees om Hom in waarheid en geregtigheid te dien al die dae van ons lewe. En dat ons elkeen bereid sal wees om die kruis elke dag op te neem en Hom te volg. "EN Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." (Luk. 9:23).

KONING ZWELITHINI –

"Moenie apartheid blameer nie"

Die ou refrein wat al 'n cliché geword het, naamlik: *"Dit is apartheid se skuld"*, het vir die Zoeloe koning 'n bietjie dik vir 'n daalder geword!

Hy het skoolhoofde toegespreek oor die toestand in die onderwys na 'n verslag daarop

gedui het dat Suid Afrika weereens feitlik die swakste in Afrika presteer het.

Nommer 75 uit 76 lande is vir hom onaanvaarbaar! Volgens Zwelithini is die tyd nou verby, (na 23 jaar), om apartheid die skuld te gee vir die volgehoue swak prestasie in die onderwys.

Daar moet eerder gekyk word na die verkoop van onderwysposte, unies se bemoeienis, drank en dwelmmisbruik, ligging van drinkhole naby skole en die gebrek aan toewyding van onderwysers, het hy hulle mee geraps.

Selfs na hierdie nugtere oomblik kon hy dit egter nie nalaat om darem sommige probleme uit die apartheidsera as oorsaak te noem nie. Om daarvoor te vergoed het hy opgemerk dat die toestand van sommige skole nie eers in jou verbeelding bedink sou kon word in die tyd onder apartheid nie.

Zwelithini en sommige onderwysamptenare se voorstelle om die slaagsyfer te verhoog, hou nie tred met die swak prestasie van die Suid Afrikaanse onderwys in vergelyking met selfs die swakste lande in die wêreld nie. AL sou hulle ‘n 100% slaagsyfer behaal, verander dit niks aan die kind se vermoë wat deur ‘n ontoereikende silabus geskool is nie.

Hoe gouer die Afrikanerkind uit die staatskool gehaal word, hoe beter sal hulle toegerus kan word vir die volwasse lewe. Dit was President Kruger wat aan onderwysers gesê het dat as hulle nie ook instaat is om ‘n kind tot belydenis van geloof te bring nie, van so ‘n kind wat bloot akademies onderrig is, gesê sal kan word: “Hoe groter gees, hoe groter beest!”

Terwyl onderwys feitlik totaal ontdaan is van Godsdiensonderrig, is die effek daarvan ook reeds oral sigbaar.

Opposisie partye in SA bevorder nie die Afrikaner se belange nie

Deur Danie Varkevisser

Op sterkte van verkiesings waarin kandidate ‘n bepaalde beleid verteenwoordig het, is hulle deur die meerderheid van die Afrikanervolk in hulle kiesafdelings verkies om die belange van die Afrikanervolk in die parlement volgens die riglyne van daardie beleid te handhaaf en so die NP in 1948 aan bewind gebring

Die res van die Afrikanervolk, (die minderheid) en ander blankes wat nie met daardie beleid saamgestem het nie, was hoofsaaklik saamgetrek, aanvanklik in die Suid Afrikaanse Party (SAP), daarna in die Verenigde Party (VP) en die reeks liberale faksies wat daarna ontstaan het tot die DA van vandag.

Terwyl die afwykende Afrikaners deurgaans voorgegee het om die Afrikanervolk se belange te verteenwoordig, is die eienaardige werklikheid dat hulle almal vandag die vyande van die Afrikanervolk se belange bevoordeel!

Die vraag wat die AVP vra is wat het hulle van mening laat verander? Ons volk is verdeeld en hardloop in allerhande politieke rigtings agter mense aan wat self die pad van nasionalisme heeltemal byster is.

Was hulle oneerlik toe hulle die volkslied hartlik saamgesing het, toe hulle Nasionaleparty funksies bygewoon en verkiesings help veg het? Het hulle bloot agter die meerderheid aangeloop terwille van die status of aansien en dalk ander voordele wat hulle daarin raakgesien het, of was hulle ingestel op lojaliteit?

Die AVP het nog altyd geglo aan die Afrikanervolk se opregtheid, eerlikheid en Godgebondenheid. Ons het nog altyd die verdeeldheid toegeskryf aan misleiding, die misbruik van ingebore goedgelowigheid waarvan die oorspprong setel in Godvresende, betroubare en eerlike Afrikanerleiers wat juis omrede van daardie eienskappe verkies is.

Dit het tyd geword dat die "jong turke" wat skynbaar goed opgelei is om te sê wat hulle weet mense graag wil hoor, maar dan die teenoorgestelde te doen. Spreekwoordelike wolwe in skaapsklere! 'n Oneerlike onverdedigbare veragtelike skelmbenadering wat 'n ander eindbestemming in gedagte het as wat vir die volk voorgegee word en wat teer op vrees wat deur die de Klerks en genote geskep is.

As die pad wat hulle vir die Afrikanervolk in gedagte het reg is, waarom dit op onderduimse manier probeer bereik en die volk so probeer saamsleep? Is die liberale politici dan soveel slimmer as die res van ons volk dat die volk eerder mislei moet word omdat hulle nie die voordele wat die "nuwe" bestemming vir hulle inhou sal kan begryp nie?

Is jou saak reg as jy mense moet mislei om hulle ondersteuning te verkry? Die NP se afwyking na die sluipmoord op dr. Verwoerd, waaroor daar nog meer vrae as antwoorde is, het juis hierdie pad van misleiding gevolg waarin die meerderheid van die Afrikanervolk lojaal gevolg het. Namate daar nugterheid kom oor die toestand wat daardeur geskep is, is daar steeds organisasies wat voorgee om in die Afrikanervolk se belang op te tree terwyl hulle besig is om ons vyande te bevoordeel!

Waarom word daar steeds op hierdie veragtelike wyse met ons volk se toekoms gedobbel? Watter voordeel is daar vir die dobbelaars, of is hulle bloot onnosele pionne wat self aan die neus gelei word? Durf 'n volk sy toekoms aan hulle oor te laat om met leuens en misleiding na die slagpale gelei te word?

Lees gerus weer hierdie twee artikels van Mike Smith en keer terug na die Afrikaner se pad van nasionalisme! Ons heil lê by ons hemelse Vader wat ook ons voorgeslag gelei het en wat grootliks deur ons volk versaak is. Laat ons weer as 'n volk wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort, bymekaarkom.

Geen rasvermenging of aanvaarding van ongelowiges se grondwette en sedelike en morele waardes van dekadensie hou enige voordeel vir ons volk in nie! Hierdie land ís ons land en is deur God aan ons toevertrou. Kom in verset teen alles wat ongeregtig is in u en in ons volkslewe! Selfs as dit in u kerk voorkom moet u dit of teëgaan of die kerk verlaat! Nie ophou om God ons hemelse Vader te dien en veral gehoorsaam te wees nie, maar volgens die riglyne uit sy Woord te lewe.

As u leiers het, roep hulle tot orde of verlaat hulle leierskap! Eenheid in ongeregtigheid hou geen voordeel in nie. Om ons erfdeel weg te gee hetsy uit vrees, ditsy vir 'n pot lensiesop, het gevolge wat soos in die geval van die NP se misleiding, geen voordeel inhou nie! Om nou vir Zuma of die ANC of wie anders as ons afvalligheid van God en sy gebod te blammeer is nie goed genoeg nie en val ver kort van die werklikheid. Quo Vadis Afrikaner?

Danie Varkevisser 083 460 3302
Francois Muller 083 460 6120
www.afrikanervolksparty.org